



Vak: Graad 11 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 96 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10

Verskilmakers

1. Die wêreld beleef deesdae ongetwyfeld van sy grootste uitdagings - van klimaatsveranderinge, armoede en selfs oorlog. Al voel dit partykeer oorweldigend, laat die jeug van vandag hulle nie deur negatiwiteit onderkry nie.
2. En hoekom is dit so? Dit maak nie saak hoe moeilik dit gaan nie, daar is altyd jongmense wat dapper optree om 'n positiewe impak op hul omgewing en die groter wêreld te maak. Hierdie verskilmakers pak 'n verskeidenheid kwessies, van die omgewing tot sosiale ongeregtigheid en nog meer aan.
3. Volg gerus 'n paar van hierdie verskilmakers op sosiale media:
4. Onthou jy die ongelooflike klomp verpakkingsmateriaal wat jy saam met jou laaste aanlyninkopies ontvang het? Hierdie verpakkingsmateriaal word gewoonlik nie herwin nie. Shervin Dehmoubed (22) wil dit verander. Sy maatskappy, EcoPackables, vervaardig verpakking wat 100 % herwinbaar is en in 'n komposhoop vernietig kan word. Sy uitvindsel het voorkom dat 12,5 miljoen plastiese sakkies in 2023 op vullishope beland.
5. Sophie Kaitlin Drescher (17) van Oostenryk en die stigter van die nuwe maatskappy, Green. Dit fokus op die bevordering van volhoubaarheid en eko-vriendelike gedrag in die alledaagse lewe. Wanneer sy nie skool gaan nie, skep sy prettige inhoud vir TikTok. Haar video's op TikTok het groot maatskappye laat kennis neem van hierdie onderwerpe. Sy is self-gedrewe en passievol en soek altyd na nuwe geleenthede om te leer en te groei.
6. Nkosilathi Nyathi (20) kom van die Victoriavalle in Zimbabwe - 'n gebied waar hy ernstige droogtes en vloede beleef het. Die verbodskeling van die omgewing in sy tuisdorp het veroorsaak dat hy passievol is oor klimaatsverandering. Sedert 2015 is hy betrokke by GreenLine Africa wat fokus op die bevordering van klimaatsake.
7. Hy dien as 'n stem vir die jongmense in Zimbabwe en Afrika oor die omgewing en klimaat. Hy is betrokke by klimaatskwessies reg oor die wêreld. Hy veg vir die toekoms van sy eie generasie en wil die persoonlike verhare van jong Afrikane beklemtoon. Hy wil seker maak dat hul ervarings raakgesien word en tel in die stryd teen die klimaatkrisis.
8. Avi Schiffmann (21) ontwikkel webwerwe wat enig in hul soort is. In 2019 het hy 'n webwerf ontwikkel wat die verspreiding van Covid 19 nagespeur het in reële tyd toe daar nog net 51 Covid-gevalle was. Tydens die Russiese inval in Oekraïne het hy gehelp om 'n webwerf te ontwikkel wat 100 000 vlugtelingen uit Oekraïne gehelp het om tydelike skuiling in Europa en Noord-Amerika te vind. Toe 'n massiewe aardbewing Turkeye en Sirië getref het, het hy 'n webwerf geskep wat 1,5 miljoen daklose mense gehelp het om kontak te maak met mense wat bereid was om hulle tydelike verblyf te gee.
9. Die ervaring wat hy so opgedoen het, het hy gebruik om InternetActivism te stig. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie wat saam met ander gratis webwerwe en toeps skeep en sagteware te verskaf wanneer daar iewers 'n humanitêre krisis plaasvind.



10. Hy fokus nou op Kunsmatige Intelligensie (KI). Hy verkoop tans Tabs - 'n soort halsnoer wat alle interaksie opneem van die persoon wat dit dra. Die halssnoer stuur die opname na 'n KI-kletsbot. Dit maak die belangrikste inligting uit al die gesprekke bymekaar en stoor dit op 'n databasis. Die kletsbot help die gebruiker om vorige gesprekke te onthou, 'n dinkskrum te hou, te beplan en besluite te neem.

Bron: (Aangepas) <https://moonshotpirates.com/blog/9-inspiring-young-leaders-to-follow-in-2024/>

Woordelys:

aanlyninkopies - online shopping
aardbewing - earthquake
armoede - poverty
dinkskrum - brainstorm
droogtes - droughts
eko-vriendelike - eco-friendliness
gesprekke - conversations
halssnoer - necklace
herwinbaar - recyclable
humanitêre - humanitarian
kletsbot - chatbot
klimaatsveranderinge - climate change
prettige - fun
reële tyd - real-time
sagteware - software
self-gedrewe - self-driven
sosiale ongeregtigheid - social injustice
toeps - apps
verbrokkeling - degradation
verpakkingsmateriaal - packaging
verskeidenheid - variety
verskilmakers - changemakers
vloede - floods
volhoubaarheid - sustainability
vullishoop - landfills

Vraag 1: Waar/Onwaar

2 punte

Nkosilathi Nyathi is betrokke by klimaatskwessies reg oor die wêreld.

WAAR

ONWAAR



Vraag 2: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wat het Shervin Dehmoubed se maatskappy ontwikkel wat 100 % herwinbaar is?

Verskaf **slegs een woord**.

--

Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Nkosilathi Nyathi het (1) en (2) beleef in sy omgewing.

Opsies Is: oorloë | ernstige droogtes | aardbewings | vloede

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 4: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die onderwerp wat nie een van die wêreld se grootste uitdagings deesdae is nie.

- | | |
|----------|----------------------|
| A | klimaatsveranderinge |
| B | sonvlekke |
| C | armoede |
| D | oorlog |

Vraag 5: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Avi Schiffmann het sy rekenaarervaring gebruik om (1) en (2) te skep wat gebruik kan word as daar humanitêre krisis is.

Opsies Is: eko-vriendelike omgewings | gratis webwerwe | slaapplek | toeps

1		2	
----------	--	----------	--



Vraag 6: Waar/Onwaar

2 punte

'n Tab is 'n soort horlosie wat gesprekke opneem.

WAAR**ONWAAR****Vraag 7: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Noem die soort sosiale media wat Sophie Kaitlin Drescher gebruik om mense aan te moedig om ekovriendelik op te tree in die alledaagse lewe.

Verskaf **slegs een woord**.

Vraag 8: Waar/Onwaar

2 punte

'n Verskilmaker is 'n negatiewe persoon.

WAAR**ONWAAR****Vraag 9: Veelvuldige Keuse**

4 punte

Kies 'n kwessie wat van die verskilmakers aangepak het.

- | | |
|----------|----------------------------|
| A | omgewings- en klimaatsake |
| B | dieremishandeling |
| C | ongelykheid in sport |
| D | invordering van studiegeld |

Vraag 10: Skryf Jou Antwoord

3 punte

'n ... help die gebruiker om gesprekke te onthou.

Verskaf **slegs een woord**.



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28, 29

Kunsmatige intelligensie - deel van die alledaagse lewe

1. Kunsmatige intelligensie (KI) is toenemend deel van die alledaagse lewe. Van gesondheidsdienste, finansies tot boerdery ondergaan groot veranderings wat deur kunsmatige intelligensie gedryf word. Al hoe meer ondernemings gebruik dit om innovasie aan te moedig. Die era van KI beteken dat ondernemings hul prosesse en die waarde van menslike hulpbronne moet heroorweeg. Wanneer sakemanne vir die eerste keer hierna kyk, voel hulle dalk soos 'n vis op droë grond, maar die voordele van KI sorg dat hulle vinnig op hoogte kom daarmee.
2. KI dryf vooruitgang in verskeie bedrywe deur doeltreffendheid te verbeter, nuwe vermoëns daar te stel en kreatiwiteit en probleemoplossing aan te moedig. As gevolg daarvan is daar die hele tyd verbetering in die tegnologie wat in navorsing en ontwikkeling gebruik word.
3. 'n Kenner het gesê: "Teen 2027 sal sowat R3 biljoen bestee wees aan KI-oplossings." Dit sal geld vir sagteware, infrastruktuur-hardeware en IT.
4. KI het nou deel van ons leefwêreld geword! Dit word reeds gebruik in stem- en beeldherkenning, en vir outomatisering van robotiese prosesse. Dit help dat firmas hul kliënte beter verstaan, hul eie uitgawes kan besnoei en hul besluitnemingsvermoë verbeter.

KI in die landbou

5. Hoe help KI om oplossings te vind vir die vele uitdagings in die landbou?
6. Saam met satellietfoto's en sensors lewer dit 'n bydrae tot boerdery. Boere kan nou voorspel hoe groot hul oes sal wees deur die toestand van die grond en gewasse te ontleed, en weerpatrone na te vors. So kan hulle (goed) besluite neem oor besproeiing, bemesting en plaagbeheer. Hommeltuie wat met KI werk, help om die toestand van die gewasse te monitor, siektes vroegtydig op te spoor en die plante se groei te assesseer. Besproeiing word aangepas of gepaste behandeling teen siektes word gedoen met behulp van inligting wat KI insamel.

KI in die kleinhandel

7. In die kleinhandel word die krag van KI reeds gebruik om mededingend te bly. Met die tegnologie kan handelaars kliëntedata analiseer - waaronder kliënte se kooprekords, voorkeure en deurblaaigedrag - om verpersoonlikte aanbevelings te maak. Dit verhef die koopervaring, verbeter kliëntebevreëdiging en dryf verkope.
8. Nog 'n voorbeeld is wanneer KI-gedrewe geselsbotte klante help met navrae en aanbevelings. Virtuele assistente is 24/7 beskikbaar vir kliëntediens. Die menslike personeel het dan meer tyd vir komplekse take.
9. Deur KI-tegnologie te gebruik kan kleinhandelaars mededingend bly, vinniger aanpas by veranderde kliënteverwagtinge, en meer verpersoonlikte inkopie-ervarings bied. Dit sal innovasie binne die bedryf stimuleer.

Die Burger 22 Februarie 2024 (aangepas)

Woordelys

aanbevelings - recommendations



alledaagse - everyday
beeldherkenning - image recognition
besluitnemingsvermoë - decisionmaking ability
boerdery - farming
geselsbotte - chatbots
gesondheidsdienste -health services
heroorweeg - reconsider
infrastruktuur-hardeware - infrastructure hardware
kleinhandel - small businesses
kliëntebevrediging - client satisfaction
kliënteverwagtinge - client expectation
komplekse - involved
koopervaring - buying experience
kooprekords - buying records
landbou - agriculture
mededingend - competitive
ondernemings - business
oplossings - resolution
sagteware - software
verpersoonlikte - personalised
voorspel - predict
vooruitgang - progress

Vraag 11: Waar/Onwaar

2 punte

Kyk na paragraaf 9. Die koppelteken ("colon") is korrek gebruik in die woord, KI-tegnologie.

WAAR

ONWAAR

Vraag 12: Waar/Onwaar

2 punte

Lees paragraaf 2. Die afkorting van die woord, tegnologie, is technol.

WAAR

ONWAAR



Vraag 13: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kyk na paragraaf 1: KI is 'n ...

- | | |
|----------|-------------|
| A | afkorting. |
| B | verkorting. |
| C | akroniem. |
| D | sinoniem. |
-

Vraag 14: Waar/Onwaar

2 punte

Kyk na paragraaf 4. Die woord, dit, is 'n onpersoonlike voornaamwoord.

- | | |
|-------------|---------------|
| WAAR | ONWAAR |
|-------------|---------------|
-

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Ons lees in paragraaf 6: "So kan hulle (goed) besluite neem oor besproeiing, bemesting en plaagbeheer."

Verskaf die korrekte vorm van trappe van vergelyking van die woord tussen hakies sodat die sin reg lees.

Verskaf **slegs een woord**.

--

Vraag 16: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die idioom in paragraaf 1, "soos 'n vis op droë grond", beteken ...

- | | |
|----------|---|
| A | baie siek wees. |
| B | ongemaklik in 'n situasie of omgewing wees. |
| C | baie dapper wees. |
| D | naby aan mense te wees. |
-



Vraag 17: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Paragraaf 4: "Dit help dat firmas hul kliënte beter verstaan, hul eie uitgawes kan besnoei en hul besluitnemingsvermoë verbeter."

Kies antonieme vir die woorde:

Beter - (1) ,

Uitgawes - (2) .

Opsies Is: swakker | slegter | ingawes | inkomste

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 18: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Paragraaf 4: "KI het nou deel van ons leefwêreld geword!" Dit is 'n (1) .

Paragraaf 5: "Hoe help KI om oplossings te vind vir die vele uitdagings in die landbou?" Dit is 'n (2) .

Opsies Is: stelsin | vraagsin | bevelsin | uitroepsin

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 19: Waar/Onwaar

2 punte

Lees die eerste sin in paragraaf 2. Die woord, vermoëns, is korrek gespél.

WAAR

ONWAAR

Vraag 20: Waar/Onwaar

2 punte

Lees paragraaf 5. Die woord, landbou, is 'n basiswoord.

WAAR

ONWAAR



Vraag 21: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Ons lees in paragraaf 8: "Die menslike personeel het dan meer tyd vir komplekse take."

Haal 'n antoniem aan uit hierdie sin vir die woord, minder.

Verskaf **slegs een woord**. Skryf die woord in aanhalingstekens.

--

Vraag 22: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Paragraaf 4: "KI het nou deel van ons leefwêreld geword!"

Die woord, leefwêreld, is 'n (1) .

Die woord, geword, is 'n (2) .

Opsies Is: basiswoord | samestelling | afleiding | samestellende afleiding

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 23: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Paragraaf 1: "Kunsmatige intelligensie (KI) is toenemend deel van die alledaagse lewe."

Die woord, die, is 'n (1) . Die woord, alledaagse, is 'n (2) .

Opsies Is: voegwoord | bepaalde lidwoord | bywoord | byvoeglike naamwoord

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 24: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Ons lees in paragraaf 1: "Al hoe meer ondernemings gebruik dit om innovasie aan te moedig."

Haal 'n sinoniem aan uit hierdie sin vir die woord, vernuwing.

Verskaf **slegs een woord**. Skryf die woord in aanhalingstekens.

--



Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Paragraaf 1: "Wanneer sakemanne vir die eerste keer hierna kyk, voel hulle dalk soos 'n vis op droë grond, ... " Die woord, hulle, is 'n (1) .

Paragraaf 7: "Met die tegnologie kan handelaars kliëntedata analiseer - waaronder kliënte se kooprekords, voorkeure en deurblaaigedrag ... "

Die woord, waaronder, is 'n (2) .

Opsies Is: besitlike voornaamwoord | persoonlike voornaamwoord | betreklike voornaamwoord | vraende voornaamwoord

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 26: Veelvuldige Keuse

4 punte

Lees paragraaf 7.

Kies die beskrywing wat die beste pas by die woord: deurblaaigedrag.

- | | |
|----------|--|
| A | om by baie deure in te loop |
| B | om deur 'n webblad of sosiale media te blaai |
| C | om 'n tydskrif te lees |
| D | 'n soort swemstyl te gebruik |

Vraag 27: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Verskaf die meervoud van die woord, oes, in paragraaf 6.

Verskaf **slegs een woord**.

--



Vraag 28: Veelvuldige Keuse

4 punte

Paragraaf 3: "Dit sal geld vir sagteware, infrastruktuur-hardeware en IT."

Dit is 'n

- | | |
|----------|------------|
| A | stelsin |
| B | bevelsin |
| C | vraagsin |
| D | uitroepsin |
-

Vraag 29: Veelvuldige Keuse

4 punte

Paragraaf 3:

'n Kenner het gesê: "Teen 2027 sal sowat R3 biljoen bestee wees aan KI-oplossings."

Hierdie sin is ...

- | | |
|----------|--------------------------------|
| A | in die direkte rede geskryf. |
| B | in die indirekte rede geskryf. |
| C | 'n uitroepsin. |
| D | in die verlede tyd geskryf. |
-

Vraag 30: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kyk na paragraaf 4. Benoem die skryfteken wat net na die woord, stem, voorkom.

Verskaf **slegs een woord**.

--

Totaal: 96 Punte